**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

**Hersiening Nr. 1306/2005**

In die hersiening tussen:-

**<u>DIE STAAT</u>**

*versus*

| | |
|---|---|
| **<u>MARK AUGUST</u>** | Beskuldigde 1 |
| **<u>ELRICO CASTER</u>** | Beskuldigde 2 |

---

**<u>CORAM:</u>** HANCKE R *et* MATSEPE WND R

---

**<u>UITSPRAAK DEUR:</u>** MATSEPE WND R

---

**<u>GELEWER OP:</u>** 3 NOVEMBER 2005

---

Die beskuldigdes hierin is skuldig bevind aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal en gevonnis tot 18 (agttien) maande gevangenisstraf. In die geval van beskuldigde 2 is 12 (twaalf) maande gevangenisstraf opgeskort vir 3 (drie) jaar op sekere voorwaardes.

Op 11 Oktober 2005 het Regter C.J. Musi die saak van beskuldigde 1, Mark August, aan die betrokke landdros F.J. van Noordwyk teruggestuur met die volgende opmerkings:

> "1. Waarom het die landdros nie die beskuldigde gehelp om die dienste van 'n prokureur te bekom nie?
>
> 2. Is beskuldigde 2 se skuldigbevinding – as begunstigde – korrek?
>
> 3. Die landdros word versoek om volledige redes vir vonnis te verskaf."

Die redes vir vonnis deur die landdros is voorgelê en dien voor my op 25 Oktober 2005. Wat betref die eerste navraag van Regter C.J. Musi met betrekking tot waarom die landdros nie die beskuldigde gehelp het om die dienste van 'n prokureur te bekom nie, verwys die landdros na vyf verskillende uitstelgeleenthede wat die beskuldigdes verleen was in die hof *a quo*, wat bedoel was om hulle geleentheid te gun om aansoek te doen vir regshulp vanaf die Regshulpraad.

In dié opsig verwys hy na die volgende uitstelle op 25 Mei 2005, 1 Junie 2005, 23 Junie 2005, 6 Julie 2005, 27 Julie 2005 sowel as op 16 Augustus 2005.

Die opmerking word gemaak dat dit op 16 Augustus 2005 geblyk het dat die beskuldigdes steeds nie by die Regshulpkliniek was nie

en omrede die Hof van mening was dat hulle geen pogings aangewend het om regshulp te verkry nie en dat hulle die afhandeling van die saak vertraag en dat die tydperk ‘n onredelike lang tydperk is wat verstryk het sonder dat hulle enige pogings aangewend het om regshulp te verkry, dat hy derhalwe van oordeel was dat hulle genoegsame hulp verleen was om regshulp te bekom en dit blyk dat hulle nie daarin belangstel nie.

Die vraag is of die tydperk vanaf 25 Mei 2005 tot 16 Augustus 2005 onredelik was en of die landdros nie verdere moeite moes gedoen het om die beskuldigdes inderdaad aktief te help om regshulp te bekom deur bv. hulle met ‘n hofordinans te stuur na die Regshulpraad en/of selfs die Regshulpraad te skakel om te verneem of die beskuldigdes nie hulp kan kry nie. Ek is van mening dat onder hierdie omstandighede die landdros meer moes gedoen het om die beskuldigdes behulpsaam te wees en dat hierdie siening onder die aandag van die landdros gebring moet word.

Wat betref die tweede punt wat Regter C.J. Musi geopper het, nl.

of beskuldigde 2 se skuldigbevinding op grond daarvan dat hy as begunstigde bestempel kon word, korrek is, voer die landdros aan dat die saak van **S v MAREE EN ANDERE** 1964 (4) SA 545 (A) op p. 557 stawing daarvoor is dat die skuldigbevinding van beskuldigde nr. 2 as begunstiger in orde is.

Hy verwys na die bespreking van hierdie aspek in die Vierde Uitgawe van **Strafprosesreg** deur Snyman waar die konsep van diefstal as 'n voortdurende misdaad bespreek word en daar geen begunstiging by diefstal sal wees nie.

Dit is inderdaad korrek dat die misdaad waarmee die Hof in hierdie saak te doene het, nie diefstal as sulks is nie, maar wel huisbraak met die opset om diefstal te pleeg.

In die handboek wat die landdros na verwys soos hierbo vermeld, word begunstiger as volg omskryf op p. 276 daarvan:-

> "'n Begunstiger is iemand wat, nadat 'n misdaad reeds gepleeg is, wederregtelik en opsetlik 'n handeling verrig (of versuim om 'n

handeling te verrig) met die opset om die dader wat die gemelde misdaad gepleeg het of 'n medepligte tot daardie misdaad **in staat te stel om aanspreeklikheid vir die misdaad te ontduik, of om dit vir so iemand makliker te maak om aanspreeklikheid te ontduik**."

Die volgende beslissings wat aangehaal word in Snyman a.w., gee 'n aanduiding van ons howe se benadering hieromtrent, vergelyk die volgende:

(i) **S v BARNES AND ANOTHER** 1992 SASV 485 (N) 493 E, waar die volgende aangehaal word:

> "This conduct was .......... intended to assist the perpetrator ......... to escape conviction."

(ii) **S v NKOSI AND ANOTHER** 1991 (2) SASV 194 (A) 201 A – D waar op bl. 208 die hof *a qou* dit so stel:

> "The second and narrower approach regards accessories after the fact are those people who, in helping the perpetrator after the commission of the offence have a certain object in mind namely

to defeat or obstruct the cause of justice. They are people who prevent the apprehension and bringing to justice of the perpetrator."

Dit blyk dus dat beskuldigde nr. 2 in hierdie saak onomwonde moes erken het dat hy die opset gehad het om vir beskuldigde nr. 1 te help om aanspreeklikheid vir die misdaad te ontduik en/of om dit vir beskuldigde nr. 1 makliker te maak om aanspreeklikheid te ontduik.

In **S v MAREE EN ANDERE** 1964 (4) 558 word die geskiedenis van hierdie beginsel bespreek en blyk dit dat die hof dit aanvaar dat dit die bedoeling van die beskuldigde moet wees om die dader te help om arrestasie te ontkom. Met ander woorde kan dit met alle sekerheid gestel word dat dit die bedoeling en/of die opset was waarmee beskuldigde 2 opgetree het op die betrokke dag en of hy dit so erken het.

Die volgende blyk beskuldigde 2 se erkennings te wees nl.:

1. Hy het by die huis gesit en dat beskuldigde 1 hom genader het. Beskuldigde 1 het hom toe meegedeel dat

> die ‘playstation’ hy dit in die agterste perseel van Johan Visagie gesit het. Beskuldigde 1 het hom nie gesê waar hy die ‘playstation’ gekry het nie, maar het hom wel later gesê dat hy hom van Johan Visagie se huis gekry het vier vyf. Die ‘ding’, wat veronderstel te wees die sogenoemde ‘playstation’ sê hy:
>
> “Het ek toe by my tante se huis gebêre en sê hulle is toe na Cash Crusaders toe waar hulle die ‘ding’ verkoop het.”

Die hof moet homself die vraag afvra of die beskuldigde homself skuldig maak as ‘n begunstiger deurdat hy die gesteelde item by sy tante se huis gaan verberg het en sodoende die opset gehad het om vir beskuldigde nr. 1 te help om aanspreeklikheid vir die misdaad te ontduik en/of dit makliker vir hom te maak om aanspreeklikheid te ontduik.

Deur iets te verberg wat gesteel is wat hy weet wel gesteel is met die doel dat dit nie gevind moet word nie, dui daarop dat daar wel opset was om die misdaad te pleeg.

Derhalwe is ek van mening dat geen fout gevind kan word met die landdros se bevinding oor die skuldigbevinding nie.  Daar is ook voldoende redes vir die vonnis verskaf.

Bygevolg word beide die skuldigbevindings en vonnisse bekragtig.

**V. MATSEPE, WND R**

Ek stem saam.

**S.P.B. HANCKE, R**

/sp